

28 Mei Esegïel 37:9 -14

Nuwe lewe in die Gees

In die visioen wat die profeet Esegïel gesien het, het sy eerste prediking tot die dooie bene in die laagte (37:7-8) tot gevolg gehad dat die bene menslike liggame geword het, maar sonder lewe. As hy 'n tweede keer preek word die liggame lewendig. Wat het die verskil gemaak?

Die verskil kom daarin dat hy die tweede keer op bevel van die HERE hom tot die gees gewend het. In hierdie perikoop (37:1-14) kom die woord "gees" agt keer voor. Die oorspronklike woord wat met gees vertaal is, kan in Afrikaans onder andere met gees, wind en asem vertaal word. As hy hom in sy tweede prediking tot die gees wend, moet dit eintlik verstaan word dat hy tot die wind gepreek het want hy moet sê: "Kom uit die vier windstreke, gees!" Aan die ander kant is dit duidelik dat hy eintlik met die Gees van die HERE gepraat het (37:14). Hier is 'n pragtige spel met die betekenis van 'n woord. Eintlik het hy tot die Heilige Gees gebid. Dan kom daar asem in die dooie liggame en hulle word met die Gees vervul. Dit beteken vir Israel dat hulle nie net terug moet wees in Jerusalem nie, maar dat die Heilige Gees uitgestort moet word. Israel sal eers die volk van die HERE wees as hulle met God versoen is en deur die Gees lewe.

Ons bedede moet daarom ook wees dat die Heilige Gees wat uitgestort is, ons lewe sal vernuut sodat ons die HERE sal liefhê, Hom in alles sal ken en aan Hom alle eer sal gee.

Sing Skrifberyming 13:1 en 2 Prof. F.N. Lion-Cachet (Emeritus)